

Discussion/Bespreking

Enkele kritiese opmerkings by D.F. Spangenberg se bespreking van *Aspekte van Poëtiese Taalgebruik*

D.F. Spangenberg se betreklik lang bespreking van my *Aspekte* (TLW 2(1): 72–78) sou met die eerste oogopslag by die leser die indruk kon skep van 'n ingeligte oordeel oor die werk – die resesent staan immers genoegsame ruimte aan die afsonderlike hoofstukke af. By nader insien blyk dit egter dat die inhoud en aard van die studie nie gebalanseerd beoordeel word nie, aangesien die resesent feitlik uitsluitlik op die toepassingsgedeeltes van elke hoofstuk konsentreer, terwyl hierdie gedeeltes skaars 'n derde van die boek in sy geheel beslaan. Dit beteken dan dat die teoretiese verkenning – wat verreweg die grootste deel van die studie uitmaak – òf onvermeld bly, òf in enkele sinne afgemaak word.

Hierdie gebrek aan balans in die resesent se bespreking sou nog in 'n mate verdedigbaar kon wees indien hy in sy skaars opmerkings oor die teoretiese gedeeltes ten minste 'n poging sou aangewend het om die *aard* van hierdie gedeeltes vir die leser te eksplisiteer. Ongelukkig word egter met selfs gunstig bedoelde opmerkings, soos dat die boek se grootste waarde in sy funksie as 'naslaanwerk' tot en met 1977/78 sou lê, nie die juiste indruk van die inhoud geskep nie. Alhoewel dit waar is dat verskillende teoretiese uitgangspunte bekend gestel word, wil die studie enersyds meer wees as 'n blote kompilatie van teorieë tot en met 'n sekere datum, en andersyds pretendeer dit ook nie om 'n volledige weergawe van teorieë tot op 'n sekere datum te bied nie. Die resesent se nadruk op volledigheid verklaar waarskynlik die behoefte om na 'n paar bronne te verwys wat sedertdien verskyn het en wat dus die geda-teerdheid van die studie sou moes uitwys.

Alhoewel ek saamstem dat dit jammer is dat vyf jaar moes verloop vandat die studie vir publikasie aanvaar is totdat dit uiteindelik kon verskyn, hoef die relevansie van die teoretiese bydrae m.i. nie noodwendig afhanklik te wees van die bywerk van resente bronne nie. Dit is nl. so dat in al die hoofstukke die teoretiese uiteensetting opgebou is rondom 'n bepaalde standpuntinname en dat die behandelde teorieë juis geselekteer is om 'n spesifieke invalshoek te belig. Indien die resesent goed gelees het, sou hy wel opgemerk het dat metafoorteorieë bv. so geselekteer is dat sintagmatiese en paradigmatische ordeningsprinsipes gedek kon word en verder dat allerlei aspekte van interaksieprosesse in metaforisering ondersoek kon word. Die sintese van die behandelde teorieë illustreer terselfdertyd 'n eie invalshoek tot die beskrywing en interpretasie van metaforiese konstruksies. Indien die resesent goed gelees het, sou hy verder ook moes opgemerk het dat die tipering van die interaksieprosesse nie beperk word tot hoofstuk 1 nie, maar ook uitgebrei word in die hoofstukke oor sintaksis, klank, ritme en metrum, ten einde die effek van intratekstuele relasies op metaforisering in poësietekste te verantwoord. Ek sou wou toegee dat die 'gewone leser' die deurlopende argument in 'n omvangryke werk dalk uit die oog sou kon verloor, maar dan is 'n resesent darem seker veronderstel om 'n ingeligte leser te wees.

Selfs al het die resesent nie die teoretiese gedeeltes behoorlik gedek nie en selfs al het hy nagelaat om die aard van die teoretiese argumentasie te beskryf, sou hierdie leemtes nogtans ook d n nog verdedigbaar kon wees, indien hy in sy bespreking van die toepassingsgedeeltes daarin sou geslaag het om aan te toon op watter manier die teoretiese uiteensetting neerslag vind in die interpretasies van verskillende po sietekste. Ongelukkig berus negatiewe uitsprake (soos bv. dat die metaforiese analise van 'Vroegherfs' 'verwarrend' sou wees, of dat 'n 'skewe indruk' geskep word as beweer word dat 'n gesofistikeerde kennis van die linguistiek kan bydra tot 'n ingeligte analise van po tiese sintaksis, of dat die klankanalise van Achterberg se 'Foxtrott' 'on-aanvaarbaar' sou wees) m.i. slegs op die resesent se eie lesing van die betrokke tekste. En di  lesing sou dalk ten minste as net so 'on-aanvaarbaar', 'verwarrend', 'skeer' of 'vergesog' soos my lesing van die tekste getipeer kon word – tensy hy aantoon hoe hy tot bepaalde gevolgtrekkings geraak.

Die interpretatiewe gevolgtrekkings funksioneer meesal om die konsekwensies van bepaalde teoretiese uitgangspunte te illustreer. Aangesien die resesent die toepassingsgedeeltes skynbaar los van die teoretiese uiteensetting bekyk, bly hy egter in gebreke om te onderskei tussen die illustrasie van 'n teoretiese voorstel en die interpretasie van 'n po sieteks. Die resesent se probleem met die aanduiding van *jaar* as fokus in 'Die jaar word ryp in goue akkerblare' ('Vroegherfs') is bv. te wyte aan sy klaarblyklike negering van die illustrasie van die teoretiese apparaat. Daar word immers aangetoon watter metafoorteoretici *jaar* as fokus sou benoem het, en watter weer aan *word ryp* die status van fokus sou toegeken het. 'n Mens sou wou s : die resesent se aanhaling van Searle (1979) is hier van toepassing – 'there is no single principle on which metaphor rests'. Belangriker as die identifisering van verskillende fokusse in verskillende teoretiese beskrywings van metaforiese konstruksies is egter die feit dat die *interaksie* tussen *jaar* en *word ryp* sorg vir die metaforisering van die hele gedeelte 'die jaar word ryp in goue akkerblare'. Hiermee verval die resesent se beswaar teen *jaar* as fokus (l.w. *nie* metafoor *nie*); ook die verwysings na ander fokusse in 'Vroegherfs' kan op dieselfde manier gemotiveer word. Besware teen sogenaamde 'skewe sienings' in die metaforiese analise van 'Kontrak' l  wel op 'n ander vlak, omdat dit deurgaans in al die hoofstukke by die analise van hierdie sentrale voorbeeldgedig om interpretasie en nie meer (ook) om die illustrasie van die konsekwensies van teoretiese voorstelle gaan nie. 'n Mens sou seker kon verskil oor die moontlikheid om die metaforiese oopskietaksie as tegelyk aanvanklik o nskynlik vernietigend en tog uiteindelik skeppend te lees. Ek meen egter dat prokreasie in hierdie gedig 'n besondere inhoud verkry wat as 't ware 'n inwerking van die 'negatiewe' op die 'positiewe' veronderstel. Die metaforiese inligting lei m.i. tot 'n veelheid van betekenisassosiasies en *nie* slegs tot een absolute 'positiewe' verklaring van die gedig nie – die resesent 'weet (!) van die begin af dat . . . oopgeskiet gaan word met positiewe doeleindes' uit die titel van die gedig. Gesien in die lig van resente teks- en leserteorie  is so 'n 'sekerheid' waar dit om interpretasie gaan, inderdaad merkwaardig, indien nie benydenswaardig nie.

Sonder om hier te probeer ingaan op al die kategoriese uitsprake oor sg.

'foutiewe' interpretasies, kan net daarop gewys word dat die resesent se onwilligheid om die illustrasie van die teoretiese apparaat noukeurig te bekyk, steeds duideliker blyk uit sy bespreking van die hoofstukke oor sintaksis, klank en ritme en metrum. By die bespreking van sintaksis waarsku die resesent bv. teen die 'skewe indruk' wat die studie sou skep met die stelling dat 'n gesofistikeerde linguistiese kennis nodig is vir poësieanalise. Hierdie waarskuwing is egter self ietwat 'skeef', aangesien daar op p. 211 van die studie 'n belangrike relativering van (blote) linguistiese toepassings gestel word: 'n Toereikende analise van poëtiese taalgebruik vereis sowel die gesofistikeerde kennis van die linguïstiese *as die ontwikkelde vaardigheid van die literatuurwetenskaplike*'. Dit is seker die resesent se goeie reg om die terminologie van 'n tradisionele, elementêre taalkunde' te verkies bo die nogal ingewikkelde stel TG-reëls vir die beskrywing van grammatikale afwykings en metaforiese taalgebruik. Dit doen tog wel vreemd aan dat die resesent enersyds verwys na bronne van na 1978 wat nie in die studie verwerk kon word nie, maar andersyds dan self terugval op 'n teoretiese raamwerk van vóór 1957! Die resesent se toenemende ongeduld met die vernuwing wat in die taalkunde met generatiewe grammatika ingetree het, word in sy bespreking van ritme en metrum deur homself uitgewys as te wyte aan onbekendheid met linguistiese bronne. Nogtans beskou hy homself as daartoe in staat om die oplossing vir 'n gestelde probleem te beoordeel. Dit is m.i. presies hier waar die 'probleem' van die resesent lê: Is dit werklik moontlik om die teoretiese bydrae van 'n studie te beoordeel as jy volgens eie erkenning nie vertrou is met die teoretiese raamwerk van 'n groot gedeelte daarvan nie?

'n Verwante probleem is hier dat die resesent blykbaar ook nie agterkom – of dit in ieder geval nêrens vermeld nie – dat, alhoewel gesofistikeerde linguistiese voorstelle bekend gestel word, hulle nêrens in die studie sonder meer onderskryf word nie, maar in belangrike opsigte gerelativeer en/of gewysig word – hoofsaaklik wat betref die beperkinge van 'n sintaktiese benadering waar slegs lokale aspekte verreken word, teenoor 'n tekstuele benadering wat vereis dat globale aspekte (van bv. metaforiese relasies) ook betrek moet word. Die relativering van resente linguistiese benaderings geskied o.m. deur die vergelyking daarvan met ander teoretiese uitgangspunte (óók die sogenaamde 'tradisionele' benaderings) asook deur die toetsing daarvan aan die hand van poësietekste. In hierdie verband beoordeel die resesent dan die 'oplossing' vir die bepaling van metriese iktus by subkategorieë as 'vergesog'. Ek sou toegee – en het dit trouens ook aangetoon in die bespreking van Cummings se 'Me up at does' – dat my 'oplossing' nie waterdig is nie, aangesien 'n mens nog sou kon verskil oor watter sillabes struktureel (dit wil sê óf metafories, óf sintakties, óf klankmatig) in 'n spesifieke gedig vooropgestel is. Dit bly nietemin m.i. verkieslik bo die twee alternatiewe van óf slegs linguisties bepaalbare klem óf 'n onoordeelkundige toepassing van 'metriese' klem. In ieder geval word dit eksplisiet gestel dat sowel voorspelbare as wisselende klem (d.w.s. linguisties onbeklemtoonde maar struktureel vooropgestelde sillabes) tegelyk ooreenstemming met die metriese patroon en afwyking daarvan kan registreer. Spangenberg lees dus weer eens nie goed as hy meen dat my voorstel die 'konflik' tussen metrum en

woord- en sinsaksent verlore laat gaan nie. Dit is eerder so dat die moontlikhede van 'konflik' tussen metrum en ritme uitgebrei word, aangesien nie-linguistiese klem hiertoe kan bydra. Dus eerder 'n uitbreiding van die 'pragmatiese suggestiewe effekte' waaroor die resesent dit het?

Ten slotte oor hierdie saak slegs 'n opmerking oor die resesent se finale(?) oordeel oor my voorstel dat sommige versreëls hulle eerder leen tot 'n skandering van kleiner sintaktiese eenhede as tot die metriese analise van die versreël in die geheel. Ek meen dat 'n oordeelkundige toepassing van die aangepaste Halle-Keyser-reëls hier 'n belangrike tendens in moderne poësie omlyn: die 'spanning' tussen metrum en ritme word gekonkretiseer as 'n 'spanning' tussen die tipografies gegewe versreël en die sintaktiese onderverdelings daarvan. Myns insiens skaars 'n 'verdraaiing van die ware (wat dit ook al mag beteken) metriese karakter van die versreël' soos die resesent ten slotte oordeel.

Die 'vergesogthede' wat die resesent in die hoofstuk oor klank ontdek, val in 'n effens ander kategorie as dié wat hy in die ander hoofstukke uitwys, aangesien generatiewe benaderings nie in hierdie hoofstuk prominent figureer nie. Die resesent se oordeel oor my uitbreiding van vertikale verbande in die rym vanaf bykomende semantiese relasies (Jakobson, Perloff) tot ekstra grammatikale verbande hoef dus nie belemmer te word deur ingewikkelde linguistiese beredenerings nie. Volgens my lees die resesent nogtans ook hier nie goed nie, of hy laat die leser in ieder geval onder 'n verkeerde indruk oor die sogenaamde 'vergesogte' ontdekking van ekstra grammatikale verbande in die rym. Hierdie 'ekstra grammatikale verbande' word naamlik nêrens los gesien van ander intratekstuele relasies in die gedig nie en die relevansie daarvan word presies so beoordeel soos Jakobson se opvatting van ekstra semantiese relasies wat in en deur die rymposisies in 'n gedig geaktiveer kan word. Dit is 'n uitbreiding op Jakobson se beroemde stelling dat poëtiese taalgebruik gekenmerk word deur 'n projeksie van die ekwivalensiebeginsel vanaf die seleksionele in die kombinatoriese as.

Ten slotte: ek wil nie met hierdie opmerkings beweer dat daar geen kritiek teen my studie ingebring sou kon word nie. Trouens, as ek dit self moes resenseer, sou ek gewys het op 'n baie ernstige leemte in die werk. Alhoewel dit hoofsaaklik gaan om 'n teoretiese verkenning en toepassing van aspekte van poëtiese taalgebruik, is dit ook so dat die studie 'n bepaalde standpunt oor die *interpretasie* (of dan die lees) van poësie inneem. Hierdie standpunt word nie teoreties beredeneer nie, maar die belangrikheid van intratekstuele relasies word wel as 'n voorvereiste vir 'n ingeligte lees van poësietekste gestel en trouens uitgebreid geïllustreer in die analise en interpretasie van die sentrale voorbeeldgedig 'Kontrak'. Wat ek self in die lig van post-strukturalistiese uitgangspunte sou wou ondersoek, is dié mate waarin my 'strukturele' lesing van poësietekste uitloop op 'n generering van betekenisassosiasies en nie op 'n beperking van betekenis soos gewoonlik van strukturalistiese benaderings beweer word nie. Sou dit heeltemal 'vergesog' wees om te hoop dat my 'gedateerde' studie dalk nog kan sorg vir 'n spesifieke aksent in die huidige literatuurteoretiese debat oor die status van die teks en die leser?

Ina Gräbe, Universiteit van Suid-Afrika